higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

PATROONKONSTRUKSIE N4

(10010484)

19 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: Antwoordboek, wit tikpapier

Sakrekenaars mag gebruik word.

Kandidate sal tekeninstrumente en 'n swart fynomlynpen benodig.

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en 3 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
PATROONKONSTRUKSIE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

AFDELING A:	50 punte
AFDELING B:	150 punte
GROOTTOTAAL:	200 punte

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

5. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verduidelik kortliks elk van die volgende terme wat in patroonkonstruksie gebruik word:

1.1.1 Patroonmanipulasie ⌘

1.1.2 Middellyfvernouing ('waist suppression')

1.1.3 Borsprominensie ('bust prominence')

1.1.4 Om 'n spil draai ('pivot')

1.1.5 Konstruksielyne

(5 × 2) (10)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.2.1 Egalige verspreiding van volheid sonder om rygplooie ('gathers') te vorm

1.2.2 Taps toelopende ('tapered') inleg in 'n patroonstuk vir 'n klokvorm ('flare')

1.2.3 Die hoogste punt op 'n spilpunt ('pivotal point')

1.2.4 Om lyne teen 'n regte hoek te trek ⌘

1.2.5 'n Wigvorm uit 'n patroon gesny om die snit van 'n kledingstuk te verbeter

1.2.6 Taps toelopende ('tapered') inleg in 'n patroon vir 'n klokvorm ('flare')

1.2.7 Area op die lyfie waar die mousgat geleë is

1.2.8 Die afstand tussen die pas- en snylyne op 'n patroon

1.2.9 Klein, driehoekige merkies om dele van kledingstuk wat by mekaar pas, aan te dui

1.2.10 'n Stuk papier met al die patroonstukke wat tegelyk gesny moet word ⌘

1.2.11 Tekenlyne wat ewe ver uit mekaar is

1.2.12 Twee platplooie na mekaar gedraai

1.2.13 Romp wat soos 'n broek lyk

Kopiereg voorbehou

1.2.14 Die twee kante van 'n kledingstuk is nie dieselfde nie

1.2.15 Die patroon met al die toelatings ('allowances') bygevoeg

(15 × 1) (15)
[25]

⌘

VRAAG 2

Kies 'n item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (2.1–2.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Word gebruik om foutiewe lyne en inligting van patrone te verwyder	A	boks
2.2	'n Metaallineaal met twee arms wat 'n regte hoek vorm	B	stylontleding
2.3	Word gebruik om swaardienskarton te sny	C	halvering
2.4	Instrument om inligting van die patroon op die materiaal oor te dra	D	spleetknip ('slashing')
2.5	Meting wat met die arm teen 'n hoek geneem word	E	belegsel
2.6	Vermoë om die ontwerp te lees	F	pylnaatmanipulasie
2.7	Word op die skouerlyn aan die dameslyfie se voorpant ('ladies' front bodice block') gevind	G	solied ⌘
2.8	Om pylnate volgens die verlangde ontwerp te skuif om styllyne, plooie, rygplootjies, ens. te vorm.	H	aftrekwiel
2.9	Verwydering van volheid	I	Stanley-mes
2.10	Die verdeling van 'n regte hoek in twee gelyke dele	J	L-vormig
2.11	Presies halfpad tussen twee bekende punte	K	agterarm ('hindarm')
2.12	Lyne wat aantoon waar die patroon gesny moet word	L	kontrolepylnaat
2.13	Patroondeel wat gebruik word om die gevormde taille of middellyn van 'n damesromp af te rond	M	uitveër
2.14	Twee plooie wat weg van mekaar gedraai is ⌘	N	rygplooitjies ('gathers')
2.15	Die knip van rofwerkpatrone om volheid te verkry	O	snyerspeld
		P	halfpad

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 Die spesifieke grootte van 'n patroon word herken aan die kledingstuk se naam op die patroondeel. ⌘

3.2 Oorrug ('across back') is 'n voorbeeld van borsmaatmeting ('girth measurement').

3.3 Om die dames se passende baadjieblok te teken, word die rokblok ('dress block') gebruik.

3.4 Die rolkraag is 'n voorbeeld van 'n plat kraag.

3.5 Die borskontrolepylnaat word op die skouer van die dameslyfieblok voor ('ladies' front bodice block') gevind.

3.6 Die skuinstes agter en voor ('back and front pitches') word op die halslyn van die basiese lyfieblok gemerk. ⌘

3.7 Asimmetries verwys daarna dat albei kante van die kledingstukke dieselfde is.

3.8 Mesplooie word gevorm wanneer twee platplooie op die regterkant na teenoorgestelde kante gedraai is.

3.9 Tussenvoerings ('interfacings') word gebruik om die buitenste rande van 'n kledingstuk netjies te maak. ⌘

3.10 Inruiming ('easing') is dieselfde as inrygplooitjies.

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 50

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Alle sketse en manipulasies moet in VYFDE SKAAL gedoen word.

2. Alle manipulasies en sketse ('drafts') moet op wit tikpapier gedoen word en in die ANTWOORDBOEK geplak word.

3. Slegs die basiese blokke wat saam met hierdie vraestel verskaf word, mag gebruik word.

⌘

4. Moenie 'n rooi pen gebruik nie.

5. GEEN LOS STUKKE SAL NAGESIEN WORD NIE.

VRAAG 4

Gebruik die volgende mates en instruksies en maak ('construct') die DAMESROMPBLOK, GROOTTE 13 op VYFDE SKAAL.

VEREISTE AFMETINGS

Middellyfmate	=	66 cm
Heupmate	=	93 cm
Heupdieptemate	=	20 cm
Romplengte	=	71 cm

⌘

INSTRUKSIES

Trek 'n lyn teen die regterkant van 'n vel papier af en dan aan die bokant loodreg uitwaarts na links. Merk hierdie hoekpunt 0.

0 – 1 = 3 cm afwaarts.

1 – 2 = Halfheupmate minus 1,2 cm, gemeet na links vanaf 1 om aan die lyn wat van 0 kom, te raak. Verbind 1 met 2.

1 – 3 = Heupdiepteafmeting afwaarts gemeet. Verbind 1 en 3 en verleng hierdie lyn afwaarts om die middelvoorlyn voor ('centre front line') (MV) te vorm.

2 – 4 = Heupdieptemate afwaarts gemeet en 3 by 4 = helfte van die heupafmeting plus 0,6 mm gemeet na links. Hierdie twee afmetings moet tesame uitgewerk word. Verbind 3 met 4 om die heuplyn te vorm.

Verbind 2 met 4 en verleng die lyn afwaarts om die middelagterlyn te vorm.

⌘

Kopiereg voorbehou

2 – 5 = Romplengte afwaarts.

1 – 6 = Romplengte teen die middelvoorlyn af. Verbind 5 met 6 met 'n stippellyn.

2 – 7 = Helfte van 2 tot 1 plus 0,6 mm gemeet na regs. ⌘

5 – 8 = Helfte van 5 tot 6 plus 0,6 mm gemeet na regs en 1,2 cm afwaarts.
Verbind 7 met 8 vir die synaat. Merk punt X waar lyne 7 – 8 en 3 – 4 kruis.

= Verbind 5 met 8 en 8 met 6 vir soomlyn.

1 – 9 = Een kwart van middellyf plus 2 cm op die lyn van 1 – 2 na links gemeet.

9 – 10 = 0,6 mm loodreg geplaas. Kurwe vir romp se voormiddellyn van 1 tot 10.
Kurwe vir synaat voor van 10 tot X.

10 – A = 7,5 cm na regs gemeet op die lyn 1 tot 2.

B = 1 cm na links van A.

C = 1 cm na regs van A.
Trek 'n loodlyn 6,5 cm afwaarts ('square down') van A op die lyn 10 tot 1 (vir pylnaatmiddellyn). ⌘
Merk die pylnaat van hierdie punt na B en na C.

X – 11 = Dieselfde afstand van X na 10 en 2,5 cm na links vanaf 7 geplaas.
Trek 'n reguit lyn van 11 tot 2 vir middelagterlyn.
Buig van X tot 11 vir synaat agter.

PYLNAAT AGTER

Meet die afstand van 11 tot 2 en trek 'n kwart middellyf af.

Die surplus is die wydte van die pylnaat.

Meet 7,5 cm na regs van 2 met die 2-na-11-lyn langs.

Meet pylnaat vanaf hierdie punt na regs. ⌘

Vind die middelpunt van die pylnaattoelating en merk punt 12.

Trek 'n loodlyn 17,5 cm afwaarts van 12. Voltooi die pylnaat agter.

ARSEER ('HIGHLIGHT') DIE BLOK. TEKEN DRAADLYNE ('GRAINLINES') EN BENOEM DIE BLOK.

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die skets van 'n DAMESROMP VOOR hier onder en lê SLEGS die manipulasie vir 'n GEFATSOENEERDE ROMPBAND op VYFDE SKAAL. Gebruik die DAMESLYFIEBLOKKE VOOR EN AGTER, GROOTTE 13, wat in BYLAE A verskaf word.

5.1.1 Beplanningspatroon van gefatsoeneerde middellyfband voor en agter (10)

5.1.2 Finale patroon van gefatsoeneerde band (gekombineer)



Gebruik die volgende mates en instruksies.

VOOR

A = Middellyflyn middelvoor ('centre front waistline')

B = 7 cm van middellyflyn middelvoor opwaarts gemeet

C = Synaat middellyflyn

D = 4 cm van synaat middellyflyn opwaarts gemeet. Voltooi die vorm met 'n sagte kurwe.

AGTER

E = Synaat middellyflyn

E – F = Dieselfde afstand as C tot D

G = Middellyflyn middelagter

G – H = 2 cm opwaarts

Naattoelating (1,5 cm)

Ritstoelating (2 cm) (10)

5.2 Bestudeer die skets van 'n damesbloes met 'n dolmanmou hier onder. Gebruik die DAMESLYFIE VOOR, AGTER EN MOUBLOK, GROOTTE 13 wat in BYLAE B verskaf word en lê die volgende manipulasie op VYFDE SKAAL voor:

5.2.1 Beplanningspatroon van die lyfievoorpant (9)

5.2.2 Beplanningspatroon van die lyfieagterpant (9)

5.2.3 Beplanningspatroon van die mou (12)



⌘ Gebruik die volgende mates en instruksies:

VOORKANT

A = In die middel van voorste mousgat

B = Aan die synaat se onderarm

C = Derde van synaatlengte afwaarts gemeet vanaf B.
Voltooi nuwe mousgat met 'n sagte kurwe.

AGTERKANT

D = In die middel van die agterste mousgat

E = Aan die synaat se onderarm ⌘

F = Afwaarts gemeet vanaf E, dieselfde mate as B tot C.
Voltooi nuwe mousgat met 'n sagte kurwe.

MOU

G = Laer by onderarm voor, helfte van afstand van B na C.

H = Trek 'n loodlyn uitwaarts van G, helfte van afstand van B na C.

I = Laer by onderarm agter, helfte van afstand van E na F.

J = Trek 'n loodlyn uitwaarts van I, helfte van afstand van E na F. Voltooi die mou.

Arseer ('highlight') en voltooi patrooninligting.

[50]

VRAAG 6

Bestudeer die skets van 'n damesbaadjie hier onder en lê die volgende manipulasies op VYDE SKAAL voor. Gebruik die DAMESROKBLOK VOOR, GROOTTE 13, wat in BYLAE C verskaf word.

6.1 Beplanningspatroon van die baadjie se voorkant en kraag (25)

6.2 Finale patroon van die baadjiebelegsel (15)

6.3 Finale patroon van die onderkraag (10)



Gebruik die volgende mates en instruksies vir die kraag:

A = Eerste knoopsgatposisie op die middelvoorlyn gemerk

A – C = 3 cm na regs gemeet (knoopposisie)

Trek 'n loodlyn afwaarts van C na die soomlyn.

Plaas die knoopsgate.

D = By voorste skouernekpunt. ⌘

Verleng skouerlyn na regs met stippellyne.

E = Trek 'n stippellyn 9 cm van D af, parallel met die middelvoorlyn.

D – I = 3 cm na regs op verlengde skouerlyn (kraagposisie).

Verbind C met I (breeklyn) en verleng die lyn na bo.

I – J = Nekmate agter (9 cm) opwaarts.

Trek 'n loodlyn na links en regs by J.

K = 2,5 cm na links vanaf J.

Verbind K met D in die halslyn af. ⌘

L = 6 cm na regs vanaf J (middelagterlyn).

E – E1 1,2 cm na links.

Verbind D met E1.

E1 – F = 13 cm loodreg na regs op die D-na-E1-lyn geplaas.

F – G = 4 cm na links (kraageindpunt). Voltooi die halslyn met 'n kurwe van G tot H.

G – H = 3,5 cm teen 'n gebalanseerde hoek vir die kraagpunt.

Verbind H met L vir kraagstyllyn.

Verbind F met C vir lapelstyllyn.

Naattoelating (1,5 cm) ⌘

Soomtoelating (2 cm)

[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A



BYLAE B







BYLAE C



Kopiereg voorbehou